

Tema: In die liefde van die Here het ons ware hoop.

Skriflesing: Klaagliedere 1:1-6; 3:14-26; 31-32; 39-42; 55-58

Teksvers: Klaagliedere 3:25

Dit gaan sleg met die volk van die Here.

Jerusalem is beleër en verwoes en hulle is in ballingskap weggevoer.

Hulle geloof in God is tot in sy fundamente geskud

Die tempel, stad en koning was vir hulle bewyse dat God by hulle is.

Hulle het geglo dat solank hulle die tempel het, is God by hulle en Hy sal hulle nooit in die steek laat nie. Nou het die volk alles, hulle land, tempel en koning, alles verloor.

Alles is verwoes. Met ander woorde: God is weg. Hulle godsdienstige sekerhede lê aan skerwe. Iemand skryf: "hulle hele teologie het op 'n warm somersdag in Augustus 587 in duie gestort...hoe verskriklik moes dit nie vir die volk gewees het nie."

Hoor hoe verwoord Jeremia die stem van die platgeslane Godsvolk in Klaagliedere 1:1-6: ¹Ag, hoe verlate lê die stad wat vol mense was! Sy het soos 'n weduwee geword, sy wat magtig was onder die nasies. Sy wat heerskappy gevoer het oor ander moet nou dwangarbeid doen. ²Onbedaarlik huil sy die hele nag, die trane loop oor haar wange. Niemand van haar vroeëre minnaars is daar om haar te troos nie. Al haar bondgenote het teen haar verraad gepleeg, hulle het haar vyande geword. ³Juda se mense is weggevoer, hulle kry swaar, hulle is slawe, hulle sit tussen vreemde nasies waar hulle geen rusplek kry nie; hulle agtervolgers het hulle ingehaal, hulle in die noutes vasgekeer. ⁴Die paaie na Sion toe treur omdat daar geen feesgangers is nie; al haar poorte is verlate, haar priesters sug, haar jong vroue is bedroef, sy het dit bitter. ⁵Haar teëstanders het haar heersers geword, haar vyande lewe nou rustig. Die Here het haar laat ly oor haar baie sonde; haar kinders het ballinge geword, deur die vyand weggevoer. ⁶Die prag van Sion het alles verdwyn. Haar leiers het soos takbokke geword wat geen weiveld vind nie, hulle moes magteloos wegtrek voor hulle agtervolgers uit."

Dit voel vir die volk of God hulle gruisklip laat kou. Ons voel ook soms so.

Die onbedaarlike weeklaag, ontroosbare pyn en lyding is die volk se eie skuld.

Ons lees van God in Klaagliedere 3:33: dit is teen Sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring. Ellende en beproewing is teen Sy sin, maar Hy straf sonde.

Klaagl 1:5 Die Here het haar laat ly oor haar baie sonde;

God het Sy wil baie duidelik aan Sy volk bekend gemaak.

Ten spyte van herhaaldelike waarskuwings was hulle moedswillig. Hulle het hulle nie daaraan gesteur nie. Nou straf God hulle. Die volk beleef 'n donker hooplose situasie. Hulle sit in sak en as.

Maar alles is nie verlore nie, want God is daar:

Die God waarvan ons lees in 2 Tim 2:13: "as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie."

In die Here en Sy liefde is daar nuwe hoop. Die skrywer se omstandighede het nie verander nie, maar hy bly gelowig twyfelend worstel met God. Hy kyk terug en onthou dat God sS volk nog altyd vasgehou het.

Klaagl 3:18-26: ¹⁸Ek het gedink dit is klaar met my en met my hoop op die Here. ¹⁹Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my; ²⁰as ek daarvoor nadink, draai my gedagtes vas. ²¹Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek

hoop: ²²deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, ²³dit is elke môre nuut. U trou is groot. ²⁴Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. ²⁵Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; ²⁶dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;"
Klaagl 3:22-24 "The steadfast love of the Lord never ceases; His mercies never come to an end; they are new every morning; great is your faithfulness."

Sy liefde en trou vir ons is soos die manna in die woestyn. Dit is genoeg vir elke dag.

In Klaagl 2:31-33 begrond die skrywer sy hoop op 3 sekerhede geanker in die Here:

- die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie
- wanneer God tug, kry Hy gou jammer, want Sy liefde is groot
- dit is teen Sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring

Dit is waaraan nagmaal ons herriner:

Ons het teen God en vir sonde gekies.

Ons het vir sonde en ellende gekies en God kon ons daar in hooploosheid gelos het. Maar Hy het nie. Onthou: "as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie."

In die kruis en die opstanding, sien ons die hoogtepunt van God se trou. Ons hoef nie meer die straf op ons sonde te dra nie, Jesus Christus het dit klaar gedoen.

In die brood en wyn proe ons die sekerheid van sy liefde vir elkeen van ons.

Gebruik nagmaal

Ons kan nie net God se liefde en trou vier, die brood eet en wyn drink en hier uitstap en niks verander nie. God wil nie dat ons hooplose lewens in sonde vasgevang leef nie. Jesus Christus het ons sondestraf klaar gedra. Hy het ons sonde en dood oorwin. Kom ons bely ons sonde en ontvang vergifnis van sonde wat die Here vir ons wil gee. En in Sy krag, kom ons breek sonde.

Sonde/skuldbelydenis

Klaagl 3:39-42:

³⁹Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liever sy sonde oorwin. ⁴⁰Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer, ⁴¹laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel uitsteek en bely: ⁴²"Ons het sonde gedoen en was opstandig; U het nie vergewe nie."

As mense wie se sonde vergewe is, kom ons wy ons nou, saam met Jeremia en die volk, aan die Here toe. Kom ons gaan leef, uit sy oorfloed, nuwe lewens gevul met ware hoop.

In die woorde van Klaagl 3:55-58 kom ons smee en roep om verlossing:

⁵⁵Ek het na U geroep, Here, uit die dieptes uit. ⁵⁶U het gehoor hoe ek smee: "Moet tog nie afsydig staan nie, gee uitkoms en red my!" ⁵⁷U het na my toe gekom toe ek geroep het, U het gesê: "Moenie bang wees nie!" ⁵⁸U verdedig my saak, Here, U red my lewe."

Lewensoorgawe

Geloofsbelydenis (Klaagl 3:21-25)

"Maar dit sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot.

Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.
Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na Sy wil vra;"